



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrief@framesby.co.za

Uitgawe 74: 12 Februarie 2016

OMGEE: DIE MANNA-PROJEK

By Framesby is ons baie bewus van die huidige posisie van ons land se ekonomie, asook die direkte gevolge daarvan op ons gesinne. Dit is juis daarom dat 'n besluit in 2010 geneem is om 'n behoeftebepaling onder ons leerders en hul gesinne te doen om die skool in 'n posisie te plaas om daadwerklik daaglikse en praktiese hulp te kan verleen aan leerders wat dit nodig het.

Sunridge Spar lewer 'n wonderlike bydrae en borg die brood en smere wat gebruik word om pouse broodjies aan leerders te kan voorsien. Met die verloop van tyd het hierdie suksesvolle projek gegroei en uitgebrei, veral danksy die onvoorwaardelike hulp en bystand van ons ouers en personeel.

Die Manna-projek is nou in 'n posisie om leerders, sover moontlik, ook te kan voorsien van skryfbehoeftes, skool- en sportklere asook handboeke.

Die volhoubare sukses van hierdie projek sal geensins moontlik wees sonder die vrymoedige bystand van ons ouers en personeel nie. Ons neem dus die vrymoedigheid om ons opregte dank uit te spreek teenoor elke persoon wat ons kinders deur hierdie projek bystaan. Hierdie hulp strek vanaf finansiële bydraes tot praktiese hulp soos pouse-broodjies maak, asook klere- of handboek-donasies.

Soos die Manna-projek groei, word ons ook toenemend bewus van die nood in ons eie skool. Dit is ons doel om seker te maak dat geen Framesby-leerder van 'n opvoeding ontnem word omdat hy honger is, nie by die skool kan kom nie, of bloot net nie klere en boeke het nie. Ongelukkig is ons fondse en voorraad afhanklik van donasies, en maak ons daarom staat op bystand uit ons skoolgemeenskap.

Ons nooi dus enige van u wat graag sou wil deel wees van die Manna-projek om saam met ons die geleentheid vir ons leerders te help skep wat ons vir ons eie kinders gun. Op hierdie stadium het ons 'n behoefte aan nog mamas om ons te help broodjies smeer vir pouse. Indien u ons kan help hiermee, kontak asb vir Mev Nash by 041 3601257.

SKOOLGELDBETALINGS

Ons vra hiermee weer eens verskoning vir die fout wat verlede week ingesluit het rakende die verskillende skoolgeld-betalingopsies.

Die opsies is as volg:

1. 'n Eenmalige betaling van R15 615 voor of op 29 Februarie 2016.
2. R1 650 teen 31 Januarie en 10 maandelikse bedrae van R1 570 voor of op die 7de van elke maand.

Betalings kan op een van die volgende manier geskied:

1. Aftrekorder (Reël met bank)
2. Debietorder (Reël met bank)
3. Elektroniese oordrag (EFT) (Stuur betalingsbewys aan die skool)
4. Kontant of per kaart by die algemene Kantoor
5. Samba-kaart (Sien die advertensie op die laaste bladsy)

LET WEL!!!

Die skool het van bank verander. Die nuwe besonderhede is as volg:

Bank FNB
Takkode: 250-655
Rek. No.: 62576528859

Verwysing: Die leerder se toelatingsnommer

Vanaf 1 April 2016 sal die ABSA-rekening gesluit wees

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag

Geen

Sondag

Martin Swiegelaar 10C
Anita Wiese 8B

Maandag

Shanleigh Havenga 11A
Cyrus Nieuwoudt 11F
Dylan Norton 9F
Divan Stapelberg 8E
Christopher Turner 8C

Dinsdag

Sonika Nel 10C
Chelsea van Vuuren 12C
Zenobia Viljoen 11G

Woensdag

Arike Hartsliet 12D

Donderdag

Jacqueline Bothma 8G
Anje de Bruin 11E
Chane Olivier 12D

Vrydag

Sidney Strydom 9D
Jane Theron 11A

ONS LEERDEERS PRESTEER!

FIETSRYERS WEER OP HULLE STUKKE!

Twee van ons leerders het onlangs uitblink in fietswedrenne. Dantre Haasbroek het op 6 Januarie in Addo aan die 60 km bergfietswedren deelgeneem en baie goed presteer deur derde te eindig in die junior afdeling. Sy algehele posisie was 105de uit oor 'n duisend inskrywings. Pragtige prestasie, Dantre.

Ons het twee weke gelede berig oor Mischka Strydom se prestasies. Sy het verlede naweek uitstekend presteer deur die eerste plek te verower in die O/14-afdeling tydens die "Herald Padfiets-toer oor 55 km.

Baie geluk Mischka! Ons is baie trots op jou. Baie sterkte ook met jou deelname aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe wat hierdie naweek in Durban gehou word!



ONS ATLETE MAAK SKOONSKIP BY SONE

Framesby- atletiek het weer eens getoon dat ons die top atletiekskool in die Oos-Kaap is. Altesaam 152 atlete van die 170 wat deelgeneem het, is deur na die PE-skolebyeenkoms, wat eerskomende naweek, 12 en 13 Februarie, by NMMU plaasvind.

Die volgende atlete het 3 eerste plekke behaal: Maneeb Jefftha (100m, 200m en 400m – Seuns O/15), Vicky Oelofse (400m, 800m en 1500m – Dogters O/16), Anneke van Rooy (100m, 200m en 400m – Dogters O/15) en Tishian Viljoen (200m, Verspring en Hoogspring – Seuns O/15).

Die volgende atlete het 2 eerste plekke behaal: Anneke Kapp (Diskus en Gewigstoot – Dogters O/19) Sy het in beide items vir die SA's gekwalifiseer. Johan van Biljon (Diskus en Gewigstoot – Seuns O/14) Hy het ook in beide items vir die SA's gekwalifiseer. Lara de Bloe (1 500m en 3000m VIR Dogters O/15). Hiermee kwalifiseer sy vir die SA's in die 3000m vir Dogters O/15), Estiaan Steynberg (800m en 1 500m – Seuns O/14), Caylin Scheepers (100m en 200m Dogters O/15), Ruan Smith (Diskus en Gewigstoot Seuns O/15), Dewet Erasmus (Gewigstoot en Spiesgooi Seuns O/16), Ruan Reinhardt (100m en 200m, met 'n 2de plek in die Hoogspring Seuns O/16), Leon Vermeulen (Verspring en Hoogspring Seuns O/17), Leslie Sharp (100m en Verspring Seuns O/19), William Duckitt (Hoogspring en Spiesgooi Seuns O/19), Amy-Lee Janse van Rensburg (100m en 200m Dogters O/14), Lané Ingram (100m en 200m Dogters O/16, met 'n 2de plek in die Verspring), Ilke Meiring (Spiesgooi en Gewigstoot Dogters O/16) en Chané Petzer (1 500m en 3 000m Dogters O/17). Jason van der Watt verdien ook vermelding met sy eerste plek in die 400m en twee tweede plekke in die 800m asook die 1 500m.

Baie sterkte aan al hierdie atlete met die PE Hoërskole-byeenkoms. Ons hoop almal dring deur na die volgende rondte! Hou Framesby se naam HOOG!

TWEEKAMPERS "KOOK" BEHOORLIK IN OUDTSHOORN

Die jaarlikse interprovinsiale tweekampbyeenkoms het verlede Saterdag in Oudtshoorn plaasgevind. Hierdie kompetisie is jaarliks so sterk dat die byeenkoms as 'n mini-SA's beskou word! Atlete van die SWD, OP, WP, Boland, Vrystaat, Noord-Kaap en Grens het almal aan die byeenkoms deelgeneem.

Ons Framesby-atlete het oudergewoonte uitstekend gevaar. Lara de Bloe het 'n derde plek in die Dogters O/15-afdeling verower. Net om die standaard van die byeenkoms te beklemtoon kan genoem word dat die eerste atleet in die Dogters O/15-afdeling 'n nuwe SA-rekord opgestel het, en dit terwyl die temperatuur in Oudtshoorn 44 grade was!

In die Dogters O/19-afdeling het Bridget Hart baie goed gevaar deur vierde te eindig. Baie geluk aan al ons atlete wat deelgeneem het.

AKADEMIESE AANGELEENTHEDE

Aan die begin van elke jaar gebeur daar soveel dinge in 'n skool, en word daar baie sterk gedruk op ons leerders om deel te neem en deel te wees van verskeie bedrywighede, dat dit gewoonlik 'n tydjie neem voordat die normale daaglikse akademiese roetine tot sy reg kom.

Waar ons reeds in die middle van Februarie staan, is dit dan nou die tyd om ernstig te begin fokus op die akademie. Die akademiese kalender, wat u ontvang het, toon ook duidelik dat daar bepaalde tye is wanneer die Skoolgebaseerde Asseseringsprogram verskriklik vol is en waar die leerders onder baie groot druk sal wees. So is die tweede helfte van Februarie en die begin van Maart juis 'n baie besige tyd. Almal moet dus hulself vergewis van alle verpligtinge en studietye sal fyn beplan moet word, want die buitemuurse program gaan normaal voort.

Op 9 Maart begin ons met die Maart-toetsreeks. Baie skole skryf deurlopend in die eerste kwartaal toetse, terwyl ander, soos Framesby, wel die voorgeskrewe toetse in die kwartaal aflê, maar 'n tydperk van 7 dae opsy sit vir die skryf van standaardtoetse, soos voorgeskryf deur die Departement. Hierdie toetse word in twee sessies per dag afgehandel, en die rooster is hieronder aangebring.

Neem asseblief kennis: Die toetsreeks is NIE 'n eksamen nie, alhoewel leerders tuis mag studeer op die dae wat hulle nie skryf nie. Die eerste sessie begin soos 'n normale skooldag om 07:40 en duur tot 10:05. Die tweede sessie eindig om 13:00. Leerders wat slegs die tweede sessie skryf moet om 10:30 by die skryflokale aanmeld. In gevalle van afwesigheid MOET 'n mediese sertifikaat ingedien word.

Families moet asseblief GEEN vakansiereëlings tref wat tot gevolg kan hê dat 'n toets nie geskryf kan word nie! Verder is dit baie belangrik om daarop te let dat in daardie gevalle waar leerders nie SGA-opdragte in die kwartaal afgehandel en ingehandig het nie, sodanige opdragte tydens die toetsreeks afgehandel MOET word wane die leerder nie in 'n bepaalde sessie toets skryf nie. Hierdie reëlings sal individueel getref word.

MAART-TOETSREEKSROOSTER

		GRAAD 8	GRAAD 9	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Woensdag 9 Maart	1	Sos. Wet. (Ges)	Natuurwet. (LW)	English	English	Afrikaans
	2	Sos. Wet. (Geo)	Natuurwet. (FW)	Verbruikers	Rekeningkunde	IGO
Donderdag 10 Maart	1	EBW	Afrikaans	Wiskunde Wisk. Gelett.	CAT	Lewenswet.
	2	Lewensoriëntering			IT/Mus	
Vrydag 11 Maart	1	Wiskunde	EBW	Fisiese Wetenskap	Wiskunde Wisk. Gelett.	Fisiese Wetenskap
	2	Wiskunde SBA	Lewensoriëntering	IGO	IGO	
Maandag 14 Maart	1	English	Sos.Wet. (Ges)	Afrikaans	Lewenswet.	Rekeningkunde
	2		Sos. Wet (Geo)	Besigheidst.	Toerisme	Verbruik/Mus
Dinsdag 15 Maart	1	Natuurwet (FW)	English	Lewenswet.	Afrikaans	Wiskunde Wisk. Gelett.
	2	Natuurwet (LW)		IT/Toerisme	Besigheidst.	
Woensdag 16 Maart	1	Tegnologie	Wiskunde	Rekeningkunde	Fisiese Wetenskap	English
	2		Wiskunde SBA	Musiek/Geo.	Geografie	Besigheidst.
Donderdag 17 Maart	1	Afrikaans	Tegnologie	CAT	Verbruikers	Toerisme
	2			English Litt.	English Litt.	English Litt.

ALGEMEEN EN SIELSKOS

DIE GEES TREE VIR ONS IN

DAAR is 'n merkwaardige uitspraak van Paulus in Rom 8:26. Hy praat oor die bystand wat die Heilige Gees aan die kind van God in die gebed verleen, en sê dan: "Ons weet nie wat en hoe ons moet bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê kan word nie." Ons kan hierdie woorde alleen reg verstaan as ons onthou dat Paulus dit sê in 'n gedeelte waar hy praat oor die swakheid en gebrekkigheid wat ons in ons aardse bestaan aankleef. Ons is wel kinders van God, sê Paulus, en oor die wonderlike betekenis daarvan kan hy nie uitgepraat raak nie, maar nogtans smaak ons duskant die graf nog nie die volle verlossing wat Christus vir ons verkry het nie. Ons is steeds saam met die ganse skepping aan lyding, verganklikheid en verdeling onderworpe. Ons word oud, ons word siek, ons lewe word gekenmerk deur leed, ons word daagliks deur talle dinge geïrriteer en gefrustreer, ons ly saam met die ganse skepping onder die gevolge van die sonde. Ons beleef dinge waarvan ons die sin op geen enkele manier kan ontdek nie. En ons ou sondige aard het steeds soveel houvas op ons dat ons lewe as kinders van God tot die einde 'n lewe van stryd met baie nederlae bly. Dit is van hierdie swakheid dat Paulus praat as hy sê dat die Gees ons daarin bystaan. Dit doen die Gees enersyds deur ons te herinner aan die beloftes van God dat alles eenmaal totaal nuut sal word. Trouens, die Gees self wek by ons die sugte van verlange op na die koms van die koninkryk wanneer die verganklike met die onverganklikheid oorklee sal word (vgl. Rom 8:23). Maar die Gees doen dit ook andersins deur in die gebed vir ons te pleit met woorde wat nie uitgespreek kan word nie. En die rede waarom die Gees dit doen, is dat ons nie self weet wat ons moet bid nie. Ons weet nie wat ons moet bid nie omdat die lewe so onuitspreeklik ingewikkeld is. Ons kan nie eens ons eie klein lewtjie oorsien en onderskei wat goed vir ons sal wees nie. Hoeveel minder kan ons in die toekoms sien en reg bid vir die gebeurtenisse in die groot wêreld met sy strominge en tendense. Ons bid in kortsigtigheid dikwels verkeerd. Wat vir ons reg lyk, is nie altyd reg volgens Gods wil en raad nie. As alles sou gebeur soos ons dit van God vra, sou dit chaoties kon wees. Maar die Gees pleit vir die gelowiges volgens die wil en raad van God. Met en in ons gebede kom ook sy stem voor God. Hy bid vir ons op 'n wyse wat van 'n totaal ander orde as ons gebede is. Dit skenk 'n onberekenbare meerwaarde aan ons gebed. Hy pleit by God op 'n wyse wat ons tong en taal te bowe gaan. En God wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is en laat alles ten goede meewerk vir dié wat Hom liefhet.

Uit *Die Burger* 20 Mei 1989

FRAMESBY 50

Behalwe vir die amptelike feesprogram, word daar verskeie ander geleenthede beplan wat vanjaar saamval met die feestema.

'n Groot groep oud-spelers het verlede naweek deelgeneem aan die feestelikhede op die krieketveld. Vrydagaand het almal gesellig saam verkeer en Saterdag het almal hul gate uit geniet op die veld.

'n Rugby-geselligheid vir alle oud-spelers word ook in die vooruitsig gestel. Ons gaan probeer om heelwat oud-afrigters ook by die geleentheid te kry.

Die koor beplan ook later vanjaar 'n groot reüniekonsert waar die oud koorleidster, mev. Juanita Lamprecht, moontlik 'n massokoor-item sal dirigeer. GROOT dinge om na uit te sien!

Koop jou kaartjies vir vanjaar se Anibrand-fees by die Algemene Kantoor en ondersteun so ons Krieket!

Die fees vind weer plaas op die Brandwag-sportgronde - 25-28 Feb. Verskeie kunstenaars!



Die skool het hande gevat met Samba en kan ouers nou by Samba aansluit en hul skoolgelde met hul Sambakaart betaal en **kontant terugontvang daarop aan die einde van November elke jaar.**

Behalwe vir die **afslag van 2.5% op u skoolfooie**, kan u u Sambakaart gebruik as betaalmethode vir al u maandelikse aankope en ontvang u **kontant terug van tussen 2% en 6% op al u aankope** (brandstof uitgesluit) by enige winkel met wie Samba 'n ooreenkoms het.